

18 Februarie

Skrifgedeelte: Lukas 11:14-53
Fokusgedeelte: Lukas 11:16,29

Christus en wonderwerke

Die Fariseërs stel Christus op die proef: Gee ons 'n teken en ons glo! Nadat Christus juis 'n duiwel uitgedryf het beproef hulle Hom nogtans. Hulle vergeet egter: Geloof word nie bewerk of versterk deur wondertekens nie, maar slegs deur die evangelie van die gekruisigde Christus. Dit is dan ook die enigste teken wat Christus gee, naamlik die teken van Jona (vers 29). Jona wat na drie dae as't ware uit die dood (die ingewande van die vis) na die lewe terugkeer. Soos Jona sal die Christus ook na drie dae uit die dood opstaan en lewe! Niks kan jou red nie, behalwe Jesus Christus. Hy is die enigste hoop vir elke verlore sondaar. Tekens of wonders kan jou nie red nie, ook nie die wetenskap of tegnologie nie: slegs die teken van Jona. Ja, die "Jona" van die Nuwe Testament is die enigste Redder! Hoe maklik soek ons nie ook in krisistye wonders nie! Ons hoor hier uit die mond van Christus dat as jy siek is of pyn ervaar, of worstel met kommer en hartseer; met nood en armoede – dan is Christus die antwoord. Sy dood en opstanding kan jou red en ewig laat lewe! Glo dit, en gaan heen en wees vandag 'n ligdraer van die Here (verse 33-36).

Sing: Psalm 145:3,9

Ds NW Ligthelm (Pretoria-Alkantrant)